



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GEOGRAFIE V2

FEBRUARIE/MAART 2014

PUNTE: 100

TYD: 1½ uur

EKSAMEN- NOMMER:														
SENTRUM- NOMMER:														

PUNTE BEHAAL	V1	V2	V3	V4	TOTAAL
NASIENER					
SENIOR NASIENER					
HOOFNASIENER					
MODERATOR					
TOTAAL	20	20	40	20	100

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 1 bladsy vir rofwerk.

HULPBRONMATERIAAL

1. 'n Uittreksel uit topografiese kaart 2930CA MERRIVALE
2. Ortofotokaart 2930 CA 5 MERRIVALE
3. **LET WEL:** Die hulpbronmateriaal moet deur skole ingeneem word vir hul eie gebruik.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Skryf jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER in die spasies op die voorblad.
2. Beantwoord AL die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel voorsien word.
3. Jy word voorsien van 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 2930CA van MERRIVALE en 'n ortofotokaart van 'n gedeelte van die gekarteerde gebied.
4. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die toesighouer oorhandig aan die einde van hierdie eksamensessie.
5. Jy moet die blanko bladsy agterin hierdie vraestel vir alle rofwerk en berekeninge gebruik. MOENIE hierdie bladsy van die vraestel losmaak NIE.
6. Toon ALLE berekeninge en formules, waar van toepassing. Punte sal hiervoor toegeken word.
7. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
8. Die volgende Engelse terme en hul Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon.

ENGELS

Diggings
Caravan park
Sewage works
Golf course
Wetland

AFRIKAANS

Uitgrawings
Karavaanpark
Rioolwerke
Gholfbaan
Vlei

VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Die vrae hieronder is gebaseer op die 1 : 50 000 topografiese kaart 2930CA MERRIVALE, asook die ortofotokaart van 'n gedeelte van die gekarteerde gebied. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) in die blokkie langs elke vraag neer.

1.1 Die verskynsel by $29^{\circ}34,5'S$ $30^{\circ}11,4'O$ / $29^{\circ}34'30''S$ $30^{\circ}11'24''O$ is ...

- A 'n dam.
- B 'n waterpunt.
- C rioolwerke.
- D 'n reservoir.

1.2 Die silo in blok **C9** word gebruik as ...

- A woonhuise vir die werkers.
- B 'n stoorplek vir landbouprodukte.
- C 'n stoorplek vir masjinerie.
- D 'n stoorplek vir water.

1.3 Die N3 wat deur Merrivale en Zenzele loop, is 'n ...

- A nasionale verbypad.
- B hoofverkeerspad.
- C hoofpad.
- D sekondêre pad.

1.4 Die straatpatroon by Merrivale in blok **A12** op die topografiese kaart is 'n ... patroon.

- A rooster-
- B radiale
- C beplande onreëlmatige
- D onbeplande onreëlmatige

1.5 Die patroon van landelike nedersettings in blok **F10** is ...

- A kernagtig/trosvormig.
- B verspreid/geïsoleerd.
- C onwillekeurig kernagtig.
- D lineêr.

1.6 Die mensgemaakte verskynsel **8** op die ortofotokaart is 'n...

- A brug.
- B pad.
- C spoorwegstasie.
- D bushalte.

1.7 Verskynsel **9** op die ortofotokaart is ...

- A 'n bos/woud.
- B gesteentes.
- C 'n voorbrand/brandstrook.
- D 'n ry bome.

1.8 Die hoogte van die grond waarop die skietbaan in blok **D10** geleë is, is ... meter.

- A 1 120
- B 1 100
- C 1 080
- D 1 060

1.9 Landvorm **B** in blok **A12** op die topografiese kaart is 'n ...

- A uitloper.
- B berg.
- C vallei.
- D kloof.

1.10 Die plaas Riversdale in blok **A10** is in die ... grondgebruiksone van Merrivale geleë.

- A oorgangs-
- B nywerheids-
- C residensiële
- D landelik-stedelike oorgangs-

(10 x 2)

[20]

VRAAG 2: KAARTBEREKENINGE EN INTERPRETASIE

2.1 Verwys na die kommunikasietoring in blok **D10** en punthoogte nommer 1 079 in blok **B8**.

2.1.1 Gee die rigting van die kommunikasietoring na punthoogte nommer 1 079.

(1)

2.1.2 Bepaal die ware peiling van die kommunikasietoring vanaf punthoogte nommer 1 079.

(1)

2.2 Vind punthoogte 1 152 in blok **D6** en trigonometriese stasie (peilbaken) 1 in blok **F6**.

2.2.1 Bereken die gemiddelde gradiënt tussen punthoogte 1 152 in blok **D6** en trigonometriese stasie (peilbaken) 1 in blok **F6**.

(6)

2.2.2 Hoe sou jy die gradiënt wat jy in VRAAG 2.2.1 bereken het, beskryf: STEIL of GELEIDELIK?

(1)

2.2.3 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 2.2.2.

(2)

2.2.4 Gee 'n bewys uit die topografiese kaart om jou antwoord op VRAAG 2.2.2 te steun.

(1)

2.2.5 Indien jy vanaf punthoogte 1 152 (**D6**) na trigonometriese stasie (peilbaken) 1 (**F6**) sou loop, sou jy teen die helling OP of AF loop?

(1)

2.3 Vind punt **6** en **7** op die ortofotokaart.

2.3.1 Teken 'n eenvoudige vryhanddwarssnit van **6** tot **7**. Dui die posisie van die dam duidelik op jou dwarsnit aan.



(4)

2.3.2 Wat is die hoofgebruik van die dam wat op jou dwarsnit aangedui is?

(1)

2.3.3 Gee 'n bewys uit die ortofotokaart of topografiese kaart om jou antwoord op VRAAG 2.3.2 te steun.

(1)

2.3.4 Noem EEN gebruik van 'n dwarsnit in Geografie.

(1)

[20]

VRAAG 3: TOEPASSING EN INTERPRETASIE

3.1 Verwys na die dreineringspatroon in blok **B5/6** en **C5/6** by Mount Ashley.

3.1.1 Identifiseer die dreineringspatroon in blok **B5/6** en **C5/6**.

(1 x 2)

(2)

3.1.2 Verduidelik hoe die dreineringspatroon in VRAAG 3.1.1 gevorm word.

(1 x 2)

(2)

3.2 In watter rigting vloei die Gqishirivier (**D3**)? Motiveer jou antwoord.

Rigting: _____

Rede: _____

(2 x 2)

(4)

- 3.3 Indien jy van Merrivale na Pietermaritzburg sou reis, watter pad sou die kortste afstand wees om te reis: die N3 of die R103? Dui ook die afstand aan wat jy sal reis.
- Pad: _____
- Afstand: _____
- _____ (2 x 2) (4)
- 3.4 Verwys na residensiële gebied **4** en Howick-Wes (langs **5**) op die ortofotokaart.
- 3.4.1 Watter een, RESIDENSIËLE GEBIED **4** of HOWICK-WES, is 'n informele nedersetting?
- _____ (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Gee TWEE redes wat op die ortofotokaart sigbaar is, vir jou antwoord op VRAAG 3.4.1.
- _____
- _____ (2 x 2) (4)
- 3.5 Noem TWEE probleme wat die inwoners van Mbubu en Mashingeni in blok **F10** as gevolg van hul geïsoleerde ligging mag ondervind.
- _____
- _____ (2 x 2) (4)
- 3.6 Identifiseer TWEE nadele van die ligging van die rioolwerke langs die Mthinzimarivier in blok **E9**.
- _____
- _____ (2 x 2) (4)
- 3.7 Verwys na die plaas Rosedene in blok **C11**.
- 3.7.1 Identifiseer die tipe boerdery wat op Rosedene beoefen word en gee 'n rede vir jou antwoord.
- Tipe: _____
- Rede: _____ (2 x 2) (4)
- 3.7.2 Is die boer op Rosedene 'n BESTAANS- of 'n KOMMERSIËLE boer? Gee 'n rede om jou antwoord te verduidelik.
- Tipe boer: _____
- Rede: _____ (2 x 2) (4)

3.8 Die woude/plantasies op die topografiese kaart is goed beskerm. Ondersteun hierdie stelling deur 'n bewys uit die topografiese kaart te gebruik.
_____ (1 x 2) (2)

3.9 Noem TWEE verskillende maniere waarop mense wat in die gekarteerde gebied woon, die Midmardam kan gebruik.

_____ (2 x 2) (4)
[40]

VRAAG 4: GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

4.1 Onderskei tussen *ruimtelike data* en *attributiondata*.
Ruimtelike data: _____

Attribuutdata: _____

_____ (2 x 2) (4)

4.2 Regverdig (motiveer) die behoefte om 'n buffersone langs die Mthinzimari-rivier, waar dit naby Mpophomeni verbyvloei (**D/E9**), te skep.

_____ (2 x 2) (4)

4.3 McDonald's wil graag 'n nuwe restaurant in Merrivale oopmaak. Hoe sal hulle GIS gebruik om vas te stel of die ligging geskik is?

_____ (2 x 2) (4)

4.4 Beantwoord die volgende vrae met verwysing na afstandwaarneming.

4.4.1 Definieer die konsep *afstandwaarneming*.

_____ (1 x 2) (2)

4.4.2 Noem die objek wat gebruik word om beelde op 'n afstand uit die ruimte vas te lê.

_____ (1 x 2) (2)

4.4.3 Hoe kan afstandswaarneming in rampbestuur van nut wees?

_____ (2 x 2) (4)
[20]

TOTAAL: 100

ROFWERK